# Ons KANDELAAR

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Krugersdorp

Jaargang 76 Nommer 17 3 Mei 2026

## Predikant

Dr. De Wet Saaiman
Wolkbergstraat 11
Noordheuwel
dsaaiman@isat.co.za
072-378-8759
011-954-4775



## Gereformeerde Kerk Krugersdorp

H/v Begin- en Premierstraat, Krugersdorp-Noord
Sel: 072 854 0953 E-pos: skriba@gkkrugersdorp.co.za
GPS: S26 05.389 O27 46.649
Webblad: www.gkkrugersdorp.co.za

## SONDAG 3 MEI – ds Jannie van der Schyff

Die krag van Christus se opstanding! Dít is iets wat jou krag en moed en hoop kan gee. Maar dan moet jy dit ken en beleef. Hierdie preek gaan daaroor. Om die krag van Christus se opstanding só te ken dat jy nie maar net weet daarvan nie, maar dit ook beleef.

As iemand dood is, is hy dood. Dit is onmoontlik om hom weer lewendig te maak. Tog het dit wat onmoontlik is, gebeur toe ons Here Jesus Christus uit die dood opgestaan het. Dit het gebeur deur die krag van God. As ons praat van die krag van Christus se opstanding, kan dit dui op hierdie krag van God wat veroorsaak het dat Christus uit die dood kon opstaan.

As ons praat van die krag van Christus se opstanding, kan dit ook dui op die krag wat uit Christus se opstanding voortspruit. Dit is die krag as gevolg van Christus se opstanding. Dit is die krag wat ons laat opstaan uit die doodsheid waarin ons beland het as gevolg van ons sonde. Dit is hieroor wat hierdie preek gaan.

Ons sal fokus op drie sake, naamlik dat die krag van Christus se opstanding ons laat opstaan uit die doodsheid van:

- Ons sondeskuld
- Ons geestelike dood
- Ons liggaamlike dood

## SONDAG 3 MEI 2026

Kollektes word via SnapScan gedoen of by die deure na die diens.
Eerste sakkie is vir Barmhartigheid.
Tweede sakkie is na die oggenddiens vir die Thusofonds.

Die tweede kollekte Sondag 10 Mei is na die oggenddiens vir die GKSA Sustentasie en na die aanddiens vir die Kerkkas.

**09:00 Oggenddiens: ds Jannie van der Schyff**

- Geen Kleuterkerk tydens die oggenddiens nie agv die langnaweek
- Geen Kinderbediening tydens die oggenddiens nie agv langnaweek
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 8 – Oudl. Hantie Erasmus
- Diakonale Diensbeurt: Groep 2
- Geen Tee/Koffie na die oggenddiens nie agv die langnaweek

**Geen Bybelskool nie agv die langnaweek**

## PROGRAM VIR DIE WEEK 3 TOT 10 MEI 2026

**Woensdag 6 Mei**
09:00 Korrektiewe Dienste
**Donderdag 7 Mei**
10:00 Bybelstudie: Koningskindersgroep
11:00 Bybelstudie: Mannagroep
15:00 Voedingsprojek: Groep A olv sr Thesca v Tonder; Groep B olv sr Anine vd Walt
**Vrydag 8 Mei**
09:00 Voedingsprojek: Groep A olv sr Thesca v Tonder; Groep B olv sr Anine vd Walt
**Saterdag 9 Mei**
Reddersburg winterprojek-naweek
**Sondag 10 Mei**
Moedersdag

## DIENSBEURTE SONDAG 10 Mei 2026

- Kleuterkerk tydens die oggenddiens olv sr Rentia Koch
- Kinderbediening tydens die oggenddiens olv sr Debbie Verreynne
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 10 – Oudl. Marius de Villiers
- Diakonale Diensbeurt: Groep 3
- Tee/Koffie na die oggenddiens olv sr Rensche van der Merwe
- Katkisasie: les 11

# VAN HUIS TOT HUIS

**<u>Gelukwense:</u>**

**Baie geluk aan ons 70-Plussers wat verjaar:**

***3 Mei***

- Sr Bertie van Ryneveld (082 385 0957) Wyk 34

***8 Mei***

- Br Theo Woudstra (082 651 2314) Wyk 41

***9 Mei***

- Sr Meisie Vorster (067 946 5972) Wyk 31

**Baie geluk aan ons lidmate wat verjaar:**

***5 Mei***

- Sr Wilmé Diamond (083 288 6328) Wyk 18
- Sr Elsabé Joubert (083 460 4530) Wyk 32

***9 Mei***

- Jsr Andriette Hennop (083 426 8915) Wyk 13

***10 Mei***

- Sr Annatjie du Plooy (083 494 0552) Wyk 14
- Sr Henlie Venter (082 696 1384) Wyk 7

**Baie geluk aan die volgende egpare met die herdenking van hul huwelik:**

***3 Mei***

- Br Kobus en sr Susan van den Bergh (083 268 6605) Wyk 36 met hul 46ste herdenking

***6 Mei***

- Br John en sr Cornelia Dicks (083 306 2909) Wyk 33 met hul 26ste herdenking
- Br Jakus en sr Simone Eloff (071 557 8385) Wyk 7 met hul 9de herdenking

***8 Mei***

- Br Tiennie en sr Rina Aucamp (083 642 3356) Wyk 7 met hul 22ste herdenking

**Lief en Leed**

- Ons doen voorbidding vir almal wat siek, bekommerd of hartseer is in hierdie tyd, onder andere br Manie Erasmus (082 853 6045) wat ’n hartoperasie onder gaan het en steeds in ’n kritiek kondisie is, sr Ria Mulder (082 852 2558) wat in die hospitaal is met ’n gebreekte been, Vera van Graan (082 744 8356) wat steeds in die hospitaal is en sr Salome Diedericks (084 250 2090) met wie dit nie goed gaan nie.
- Ons doen voorbidding vir br Manie Erasmus (082 853 6045) Wyk 11 wat Dinsdag ‘n hartoperasie in Donald Gordon ondergaan het. Hy was ten tye van die nuus nog onder sedasie om sy liggaam kans te gee om voldoende te herstel. Baie sterkte word hom toegebid, sowel as vir srs Ina, Hantie en die res van die familie.
- Sr Ria Mulder (082 852 2558) Wyk 25 is met ’n gebreekte been in die Krugersdorp Privaathospitaal opgeneem, met die moontlikheid van nog ander frakture. Sy het toetse ondergaan en wag op die uitslae. Ons bid dat die HERE haar sal verseker van Sy trou en bystand in hierdie tyd van beproewing.

## KENNISGEWINGBORD

| **Kollektes: 26 April 2026** | **SnapScan: 26 April 2026** |
| --- | --- |
| R 701.00 Oggend: Barmhartigheid | R 536.17 Oggend: Barmhartigheid |
| R 437.00 Oggend: Deure/ Prop Hulpfonds | R 240.54 Oggend: Deure/ Prop Hulpfonds |

## *Beroepenuus*

*Beroepe ontvang*

- Proponent ER (Eugene) du Plessis na GK Kuruman
- Ds HV (Henning) Venter van GK Windhoek na GK Sanveld (Namibië)

*Beroepe aanvaar*

- Ds HJ (Herman) Coetzee van GK Empangeni na GK Middelburg, Kaap
- Ds IJ (Izak) van der Westhuizen van GK Colesberg na Calvary Presbytery van die Presbiteriaanse Kerk van Amerika, om by die Universiteit van Clemson, South Carolina, kampusbediening te doen onder die plaaslike internasionale studente, as Kampusbedienaar.

# *NAGMAAL (2)*

Ons let verder op die hele saak van "gemeenskap" by die Nagmaal.
**Gemeenskap met Christus**: Die Nagmaalsformulier leer ons ook: Die wyn en die brood sê vir ons dat Christus "deur sy dood ... vir ons die lewendmakende Gees verwerf (het), wat ons aan Christus in ware ***gemeenskap*** verbind en in al sy rykdom laat ***deel***." Paulus leer vir ons baie kernagtig wat al hierdie rykdomme is:

- Romeine 6:5-6: "Aangesien ons met Hom **een** geword het in sy dood, sal ons sekerlik ook met Hom **een** wees in sy opstanding. Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was, **saam met Christus** gekruisig is, sodat ons sondige bestaan beëindig kon word." – en in
- Efesiërs 2:6: "Ja, in Christus Jesus het Hy ons **saam met Hom** opgewek uit die dood en ons **saam met Hom** 'n plek in die hemel gegee."
- Wat meer is: Jesus het Self in Johannes 14:2-3 gesê: "In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en **sal julle na My toe neem**, sodat julle ook **kan wees waar Ek is**."

Van al hierdie heerlike dinge verseker ons Here Jesus ons met die Nagmaal.

**Gemeenskap met mekaar**: Ons het nie net met Hóm gemeenskap nie. Ons lewe ook in gemeenskap met ***mekaar***. "Dieselfde Gees bind ons ook as ledemate van één liggaam in ware liefde saam. Omdat ons almal aan die een brood ***deel*** het, is ons almal een liggaam." (Formulier) Jou hand en jou voet het met mekaar te doen in jou eie liggaam. Die een kan nie sonder die ander behoorlik funksioneer nie. Ons is die liggaam van Christus. Hy is die Hoof van hierdie liggaam, sy kerk. Ons is aan Christus verbind met 'n ware geloof, en gevolglik ook aan mekaar. En soos in 'n gewone liggaam het ons mekaar nodig en moet ons mekaar dien. Die Nagmaal sê vir ons: Só ***is*** dit, en só ***móét*** ons wees – afhanklik van Christus én afhanklik van mekaar. Onthou: Die een brood beeld die gekruisigde liggaam van Christus vir ons uit. Ons is naatloos één met Christus én naatloos één met mekaar. En ons het 'n roeping om hierdie eenheid "in ware liefde" uit te leef.

**By die Nagmaal self**: Let op die woorde by die Nagmaal self wat die dominee sê: "Die brood wat ons breek ["Dit is my liggaam wat vir julle *gebreek* word" (1 Kor. 11:25) – dit dui op die *offer* van Christus se liggaam (Calvyn*)], ***is*** die ***gemeenskap*** met die liggaam van Christus…Die beker van danksegging waarvoor ons God dank, ***is*** die ***gemeenskap*** met die bloed van Christus." In die NGB Art. 35 bely ons:

"Dit staan dus bo alle twyfel vas dat Jesus Christus nie tevergeefs sy sakramente vir ons voorgeskryf het nie; Hy doen immers in ons alles wat Hy vir ons in hierdie heilige tekens voor oë stel, **al gaan dit ons verstand te bowe** en is dit vir ons **onbegryplik hoe dit gebeur**, net soos die werk van die Heilige Gees **ondeurgrondelik** en **onbegryplik** is. Tog dwaal ons nie as ons sê dat wat deur ons geëet en gedrink word, die eie en natuurlike liggaam en die eie bloed van Christus is nie; maar **die manier waarop ons dit nuttig, is nie met die mond nie maar met die Gees deur die geloof**. Daarom, al bly Christus altyd aan die regterhand van sy Vader in die hemel sit, hou Hy tog nie op om ons deur die geloof aan Homself deel te laat hê nie."

Verstaan jy dié gemeenskap met Christus wanneer jy die brood eet en die wyn drink? Dit is 'n misterie. Hierdie gemeenskap met Christus by die Nagmaal "geskied deur die verborge krag van die Heilige Gees." (Calvyn*) Calvyn* het gesê dat ons hierdie gemeenskap met die liggaam en bloed van Christus – "dat gij niet met de mate van uwe verstand behoort te meten."Ik ervaar haar meer dan dat ik haar begrijp." (Calvyn**) Die liggaam van Christus wat in die hemel is, en wat ons nie sien nie, word deur die brood en wyn "voorgesteld" (Calvyn**). Judas het wel die sakrament ontvang daardie nag, maar nie vir Christus nie. "Hý word slegs aan die gelowiges gegee." (NGB Art. 35) Om Christus se liggaam te eet en sy bloed te drink, is niks anders as om in Hom te glo nie (Calvyn**). Die Engelse beklemtoon 'n wesenlike element van die Nagmaal wanneer hulle dit "Holy Communion" noem: gemeenskap met Christus en gemeenskap met mekaar. (*Kommentaar. **Institusie, IV, XVII, 14, 32)

- Mag jy as gelowige met elke Nagmaal die heerlike innige lewende persoonlike *gemeenskap* met Christus *ervaar* (om Calvyn se woord te gebruik) wanneer jy die brood eet en die wyn drink.

**Naskrif**: Hierdie hele saak van "nie begryp nie" maar "ervaar" kry ons ook in die Dordtse Leerreëls 3/4:13 as dit gaan oor ons *uitverkiesing* en *weergeboorte*: "Die aard van hierdie werking kan die gelowiges in hierdie lewe **nie volkome begryp nie**. Intussen is dit vir hulle 'n gerusstelling dat hulle weet en **ervaar** dat hulle deur hierdie genade van God van harte glo en hulle Verlosser liefhet." Jy ervaar dat jy in God glo, jy ervaar dat jy Christus liefhet, jy ervaar dat jy uitverkies is, jy ervaar dat jy weergebore is – maar jy kan dit nie verstaan nie.

– André Grové

# *PREEKPROGRAM – TWEEDE KWARTAAL 2026*

**<u>2026 Jaartema</u>: Die Jaar van God se genade**

**<u>Kwartaaltema</u>: Hemelvaart en Pinkster**

**<u>3 Mei (Geen aanddiens)(Langnaweek)</u>**

Oggend: ds Jannie van der Schyff - Opstandingstyd – Om die krag van Christus se opstanding te ervaar – Filippense 3:1-16 (T = Filippense 3:10)

**<u>10 Mei</u>**

Oggend: Dr De Wet – Opstandingstyd – Die geloofsbelydenis van Thomas – Lukas 24:36; Johannes 20:24-31 (T = Joh. 20:27-30).

Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – Geskrifte – Jesaja

**<u>14 Mei (Hemelvaart)</u>**

Aand: Dr De Wet – Hemelvaart – Hemelvaart is die oorwinning van Jesus Christus! Psalm 68 (T = Ps. 68:18-19).

**<u>17 Mei</u>**

Oggend: Dr De Wet -Opstandingstyd – God verlos ons van tyd en gee aan ons die ewigheid 1 Prediker 3 (T = Pred. 3:11).

Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – Profete – Jeremia en Klaagliedere

**<u>24 Mei (Voorbereiding)(Pinkster)</u>**

Oggend: Dr De Wet – Pinkster - God gee lewe deur sy Woord en Gees! Esegiël 37:1-14 (Eseg. 37:12, 13).

Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – Profete – Esegiël en Daniël

**<u>31 Mei (Nagmaal en Nabetragting - Feesnaweek)</u>**

Oggend: Dr De Wet - In God se teenwoordigheid lê daar vir ons ’n nuwe en blywende toekoms! Esegiël 42:1-43:12 (T = Eseg. 43:4-5, 7).

Oggend: Dr De Wet – Vervul met die Heilige Gees word ons gelei tot dankbaarheid! Levitikus 23:15-22 (T = Hand. 2:1).

**<u>7 Junie</u>**

Oggend: Prof Herrie van Rooy

Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – 12 Klein Profete – Hosea, Joël. Amos, Obadja

**<u>14 Junie</u>**

Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die Heilige Gees: God se antwoord vir ’n verlore wêreld! Joël 2 (T = Joël 2:28, 29).

Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – 12 Klein Profete – Jona, Miga, Nahum, Habakuk

**<u>21 Junie</u>**

Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die uitstorting van die Heilige Gees – Die oorsprong en doel van Pinkster! Handelinge 2:1-13 (T = Hand. 2:1-4).

Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – 12 Klein Profete – Sefanja, Haggai, Sagaria, Maleagi

**SKOLE SLUIT (26 JUNIE)**

**<u>28 Junie (Geen aanddiens - Dr De Wet verlof)</u>**

Oggend: ds Jannie van der Schyff - Pinkstertyd – Ag, was almal maar vol van die Gees! – Numeri 11:4-35 (T = Numeri 11:29)

**<u>5 Julie (Geen aanddiens - Dr De Wet verlof)</u>**

Oggend: Besoekende/Ander predikant

**<u>12 Julie (Geen aanddiens)</u>**


Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die Heilige Gees lei ons in die volle waarheid! Johannes 16:5-15 (T = Joh. 16:13).

**<u>19 Julie (Geen aanddiens)</u>**

Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die Heilige Gees sug saam met jou en bid vir jou! Romeine 8:18-27 (T = Rom. 8:26, 27).

**SKOLE OPEN (21 JULIE)**

## *Gedagte vir die week*



Wees dapper en sterk; moenie bang wees nie en moenie vir hulle skrik nie, want die Here jou God, Hy is die Een wat saam met jou gaan; Hy sal jou nie in die steek laat en jou nie verlaat nie

Deuteronomium 31:6

## *Bankbesonderhede*

Die besonderhede van die FNB-bankrekening is soos volg:
Rekeningnaam: Gereformeerde Kerk Krugersdorp
Bank: FNB
Takkode: 255355 (My Branch)
Tjekrekening: 62876026511
Verwysing: Lidmaatnommer of Van; Spesifiseer asseblief waarvoor die EFT-betaling toegewys moet word

## *Ons Kandelaar Proeflesers*

Dr De Wet Saaiman (072 378 8759) en srs Corry Faling (082 421 8380); Maryke Coetsee (071 677 1381); Anne-Marie Venter (082 819 3272); Janet du Plooy (066 0022 991); en Meisie Naudé (083 655 5419); asook br Piet de Weerdt (083 455 6489).